# DIE GIDS

## SLEGS EEN WEG TOT GOD

"Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" *Joh. 14:6.* Daar word verskeie weë deur valse leermeesters die mens aangebied, in hierdie moeilike dae, waardeur hulle hoop om uiteindelik tot God te kan kom. Te midde van al die warboel is dit verkwikkend om te hoor dat ons wonderlike Verlosser Jesus Christus sê: "Ek is die Weg."

Indien daar ooit 'n tyd was om na Hom te luister, wat spreek soos geen mens ooit gepraat het, blyk dit dat dit nou die tyd is. Niemand sal miskien ontken dat ons in die moeilikste tyd wat die wêreld ooit beleef het, lewe nie. Maar toe Jesus hierdie wonderlike woorde geuiter het, was die tye reeds moeilik. Daar was baie godsdiens en tradiesie verkondig, maar weinig waarheid. Jesus het aan die Fariseërs ('n godsdienstige sekte) gesê, "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" *Matt. 15:9.*

Daar is ongetwyfeld baie in hierdie wanordelike en verwarrende wêreld vandag wat soos Thomas die vraag stel, "Hoe kan ons die weg ken?" Hulle mag dit miskein nie hardop sê nie, maar die vraag draai nogtans in hulle harte. Een ding weet ek, dit het eers in my eie hart en gedagtes gedraai, maar dank God dit is nie meer daar nie want toe Jesus gesê het, "Ek is die Weg," was dit voldoende vir my.

Sedert die mens in Adam verlore gegaan het, het hulle begin planne beraam hoe om tot God terug te keer. Sommige gaan sover om te ontken dat die mens ooit afgedwaal het. Hulle sê gevolglik dat wanneer 'n kind in die wêreld gebore word, hy reeds rein is en al wat nodig is, is om hom so te hou. So gaan



hulle in hulle vrugtelose poging voort om dit te doen. Hulle dink blykbaar dat as hulle die kinders in die kerk kan kry en hulle die regte opleiding gee en op ’n sekere ouderdom as ’n lid van die kerk laat aanneem, dat God hulle eendag die hemel sal binnelei. Daarom hoor ons vele gepratery hoe om die jeug op te lei, maar weinig oor die behoefte van die jongmense om weer gebore te word.

Dit is bloot natuurlik vir die mens om te dink dat hy self sy weg tot God kan bewerkstellig. Toe Adam en Eva teen God gesondig het, in die tuin van Eden, het hulle hulself probeer klee om hulle naaktheid te verberg. Hulle het weggehardloop van God af en hulle self versteek agter die bome in die tuin, instede daarvan om die Here te soek teen wie hulle gesondig het. Hulle het van Hom af weggevlug. Daar was slegs een weg vir Adam om tot God terug te keer en hom geskik te maak om in Sy teenwoordigheid te kan staan. God het die eerste stap geneem, soos wat Hy altyd doen. Hy het na Adam gesoek, hom geroep en hom agter die bome gevind waar hy geskuil het, “En die Here God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en dit hulle aangetrek” *Gen. 3:21.* Let wel, die Here het hulle gesoek, hulle gevind en hulle geklee. Hy het hulle gevind, kleding voorsien en hulle aangetrek. Hierin kan ons God se voorsiening vir die arme skuldige helverdiende sondaar sien.

Jesus Christus is God se Lam. God is die een wat Hom voorsien het. God is die een wat Hom in die wêreld gestuur het. God is die een wat ons sondes (nie ‘n gedeelte daarvan nie), maar alles op Sy Lam geplaas het. “Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte diè het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.” *Jes. 53:4-6.*

Ons hoor somtyds die uitdrukking dat die mens in Adam afgedwaal het maar in Christus teruggekeer het, maar as ons noukeurig oplet sê die skrif, “Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel doodgemaak is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees.” *1 Pet. 3:18.*

Waarlik daar is net een weg tot God en daardie weg is nie ‘n reeks van reëls of regulasies of ‘n kode van gedrag nie, maar ‘n verheerlikte persoon wat uit die hemel gekom het, en deur die Heilige Gees verwek is. Hy het ‘n absolute sondelose lewe gely, selfs die wat Hom die meeste gehaat het, kon niks verkeerds in Hom vind nie. Selfs Judas, wat Hom verraai het, het erken day hy die onskuldige bloed verraai het. *Matt. 27:4.* So sien ons dat die onskuldige een wat vir die skuldige gely het, die skuldige tot God bring en hom die regte plek by God gee.

“Ja, as pure nietigheid staan elke mens daar” *Ps. 39:6.* Dit is ‘n groot allesinsluitende verklaring van God’s Woord en daar is geen rede vir ons om die waarheid daarvan te ontken nie. Ons goedheid en alles wat ons vir onsself doen is nutteloos. Wat Hy van ons verwag is om ons behoefte aan Hom en Sy reddende krag te besef.

Mense wat ‘n goeie gesondheid geniet het die geneesheer nie nodig nie, so is dit dan ook met die selfregverdige, hulle dink dat hulle nie ‘n verlosser nodig het nie, maar God sê: “Al ons geregtighede is soos ‘n besoedelde kleed.” *Jes. 64:6.* Dit sal iets beter as ‘n besoedelde kleed neem om ons geregverdig voor God te laat staan. Dit sal ‘n perfekte regverdige neem en dit vind ons slegs in Christus. “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.” *1 Kor. 1:30.* “Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde gemaak vir ons, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” *2 Kor. 5:21.* Ons sondes staan tussen ons en God maar Jesus Christus is daarvoor gestraf in Sy eie liggaam aan die Kruishout en het God daardeur bevredig. Hy leef vir ewig en omdat Hy leef is Hy by magte om almal wat tot God deur Hom kom, volkome te verlos. *Heb. 7:28.*

“Jesus is die getroue Getuie” *Open. 1:5,* en

Hy het belowe om niemand uit te werp wat na Hom toe kom nie. *Joh. 6:37.* Om na Hom te kom beteken slegs om jou van jou sondige lewe te bekeer en God te vra om jou te vergewe en te reinig in Sy kosbare bloed en jou rug op die wêreld met sy plesier te draai. Gee jou lewe geheel en al aan God oor en lewe slegs vir Hom. Wanneer jy die Here en Sy vergifnis aangeneem het, sal Hy jou Sy vrede en vreugde gee en jy sal nie die dinge van die wêreld begeer nie.

Waarlik daar is slegs een weg tot God, liewe leser. Mag jy hoor wanneer Jesus Christus sê: "Ek is die Weg." Gaan nou op jou knieë en praat met Hom en vertel Hom alles omtrent jou lewe, vertel Hom dat jy spyt is, vra Hom om jou te vergewe, om jou as sondaar genadig te wees, om jou in Sy bloed te reinig, om jou Sy kind te maak en die ewige lewe te gee. Hy het belowe om dit te doen, daarom staan op, glo Hom met die versekering in jou hart dat Hy jou gehoor het en die werk is voltooi. Gaan dan heen en sondig nie meer nie en as jy vind dat jy swak is, vra die Here Jesus om jou krag te gee om die sonde te oorwin. Wees vasberade, roep die dinge van die wêreld vaarwel toe en jy sal vind dat jy nie alleen vrede en vreugde gevind het, wat die wêreld nie kan gee nie, maar 'n behae daarin vind om God te dien en dat jy die plesier van die wêreld nie eers sal mis nie, want die dinge van die wêreld is slegs vir 'n oomblik en gaan verby, maar dit wat God gee is vir ewig.

Kom nou na Hom toe wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is.

## DIE VERLEIER

Satan het Adam en Eva mislei deur 'n leuen in plaas van die waarheid te gee. Hy het hulle aangebied wat nie aan hom behoort het nie en het vir hulle smarte in plaas van vreugde, dood in plaas van lewe gegee.

### VALSE REGVERDIGHEID

Satan sal jou 'n valse regverdigheid gee, die besmette kleed van jou eie regverdigheid in plaas van die regverdigheid van Jesus, wat ons slegs kan bekom deur geloof in Jesus Christus. Die sneeuwit linnekleed van die regverdigheid van Jesus wat gewas is in die bloed van die Lam sal hy van jou weerhou want dit kan slegs verkry word deur ware belydenis en geloof in Christus

### VALSE VREDE

Satan sal jou ook valse vrede gee deur jou te vertel dat alle mense kinders van God is en hemel toe gaan. Jesus het aan die Fariseërs gesê: "Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen." *Joh. 8:44.* Die apostel Johannes skryf: "Hy wat die sonde doen is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat Sy saad (Jesus en die Woord) in hom bly en hy nie kan sondig nie, want hy is uit God gebore. Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar; elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie." *1 Joh. 3:8-10.*

Ons kan alleen kinders van God word deur wedergeboorte. "Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo, wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. As iemand nie weergebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die Gees gebore is, is gees." *Joh. 1:11-13* en *Joh. 3:1-8.* Satan vertel jou dat daar geen hel, geen God, geen oordeel en geen opstanding is nie. Die Heilige Gees, die Gees van die waarheid, toon jou jou sonde en toon jou Jesus die draer van sonde, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.



**VALSE VREUGDE**

Die duiwel probeer jou valse vreugde gee. Hy sal jou die begeertes van die vlees gee. Dit kan egter nie tevredenheid vir jou hartsverlange gee nie. Bier kan nie die dors van jou siel les nie, nog minder kan vroue of mans dit doen. Jesus het aan die vrou by die fontein van Samaria gesê: "Jy het reeds vyf mans gehad en die sesde een is nie jou man nie," maar Jesus het haar water aangebied wat al haar dors sou les. Jesus is die fontein van die lewe. As ons van die water drink wat Hy gee, sal dit soos 'n lewende fontein wees wat lei tot die ewige lewe. Moet nie verlei word deur die duiwel se valse leë vreugde wat in die hel eindig nie.

**VALSE LIG**

Die duiwel verskyn in 'n valse lig en doen hom voor as 'n engel van die lig. Voordat hy tot val gekom het was hy die mooiste engel, maar is nie meer nie. Hy probeer altyd om sonde aantreklik en mooi voor te stel sodat hy jou kan verlei en vang, maar sy lig is vals en skyn slegs in die nag. Wanneer Jesus, die Son van geregtigheid verskyn, sal die duiwel se lig verflou. In die lig van God sal jy sien hoe afgryslik die sogenaamde heerlikheid van satan lyk.

**VALSE WEG**

Die duiwel probeer om jou op die verkeerde weg te lei. Daar is slegs een weg wat hemelwaarts lei. Jesus het gesê: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe." Satan vertel jou dat hy 'n beter weg het, 'n breër pad waarop 'n menigte wandel, maar hy wys jou nie dat die end daarvan in die hel eindig nie.

**VALSE RYKDOM**

Die rykdom wat satan mag gee is valse rykdom. Die ryk man was daardeur verlei want toe hy gesterf het, het hy in die hel beland. So-ook was Judas verblind deur 30 silwerstukke. Hy het Jesus verloon en deur dit het hy ook die ewige lewe, ewige vrede, ewige vreugde en die ewige rykdom verloor. Hy het sy lewe verloor, sy hoë posisie wat hy beklee het en geld. Satan sal jou 'n klip in plaas van brood gee, 'n skerpioen vir 'n eier en 'n slang vir 'n vis. In Jesus het ons die ewige rykdom wat nooit sal verflou nie.

Veel meer kan nog gesê word, maar hierdie is voldoende om jou te waarsku om die ware herder, wat Sy lewe vir jou gegee het, te volg. Volg die ware Lig, Jesus. Ontvang die Gees van die waarheid, die Heilige Gees, en wees 'n loot van die ware wynstok. Luister na Jesus, die ware Profeet en nie na die duiwel se profete nie. Keer terug van jou afgode (valse gode) om die ware God te dien.

Wees 'n ware aanbidder en aanbid God in Gees en in Waarheid. Jesus is die ware Brood wat tevrede stel en die ewige lewe skenk.

Moet nie verlei word nie, God laat Hom nie bespot nie, dit wat 'n mens saai sal hy ook maai.

Moet nie dat die duiwel jou meer verlei nie, maar volg Hom, Jesus Christus wat gesê het: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe."

---

Die gewilde "Hartboek" met sy sterk boodskap van saligheid is in meer as 500 tale verkrygbaar. Talle het reeds Jesus gevind bloot deur die illustrasies te bestudeer.

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**
**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**
('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)
(Reg. No. 1961/001798/08)